
# Kleinmond
Natuurbewaringsvereniging
Nature Conservation Society

NPO 005-622 PBO 930013742 kleinmondnbv@gmail.com
Nedbank current account no 1032445297 Branch code 198765

# Jaarverslag

2023/4




# 1. Inleiding

## 1.1 Hoe sal ons 2023 onthou?

Die gebeurtenis met die grootste impak op almal in Kleinmond en trouens die hele Wes-Kaap was ongetwyfeld die vlak 9-storm wat die gebied op 23 September getref het. Dit het gelei tot die ergste oorstromings in menseheugenis, modderstortings in die berge en lewensverlies. Die R44 moes gesluit word weens modder- en rotsstortings op Clarence Drive en strukturele skade aan die Palmiet-brug. Die Palmiet-strand is meegesleur.

Die Kleinmond Strandmeer was vir 215 dae oop in 2023, die langste periode in minstens 21 jaar. Die strandmeer was oop vanaf 26 Maart tot 11 September en toe weer vanaf 23 September (die naweek van die storm) tot 7 November.

In 2023 het daar bykans 1 100 mm reën in Kleinmond geval, net-net minder as die rekord-meting van 1 118 mm in 1996.

Die berge om Kleinmond is in 2023 van ernstige brande gespaar, maar Hangklip, Pringlebaai en Bettysbaai het in Februarie 2024 erg deurgeloop.

Nadat KNBV die Overstrand Munisipaliteit daarop gewys het dat die gebied tussen Kusweg en die see in 1976 as natuurreservaat (Sone 1) geproklameer is, en dus nie ’n openbare ruimte (Sone 2) is nie, het OM het hulle GIS-kaarte en beleide dienooreenkomstig verander.

# 2. Die KNBV-komitee

KNBV-lede wat in die komitee gedien het, is Carl Swart (voorsitter), Vic Brink (ondervoorsitter), Thea Brink (sekretaris), Leon Louw (tesourier tot September 2023), Justin van den Hoven (tesourier sedertdien), Gerhard Booysen (verteenwoordiger van die stapklub), Mariaan Guest, Gerrit van den Dool, Carin Malan en Botha Maree. Gekoöpteerde lede is Jan Momsen (Eko-bediening), Corli Hugo (Kogelberg Biosfeer) en Angie Cyster (Strandlopers).

# 3. Ledetal

Die vereniging het tans 310 lede. Ons is bly oor nuwe lede en spreek ons medelye uit met die naasbestaandes van lede wat in die loop van die jaar oorlede is. In Januarie vanjaar het Annette Mason, wat in 2009 die sekretaresse en van 2011 tot 2013 voorsitter van die KNBV was, ons ontval.

# 4. Waardering van ons habitat

## 4.1 Stapklub

Die Kleinmond Stapklub is in 1993 gestig en het verlede jaar hul dertigste bestaansjaar gevier met ’n dinee wat deur meer as 100 lede en oudlede bygewoon is. Hulde is gebring aan die natuurbewaringspioniers van Kleinmond wat tussen 1975 en 1991 berge versit het. Hulle het KNBV gestig, die natuurreservaat laat proklameer, indringers uitgeroei, Fairy Glen ontwikkel en al die staproetes laat bou. ’n Spesiale woord van dank aan Peter en Maggie Slingsby vir hulle rol hierin.

Die klub het tans 183 lede, waarvan 40 nuwe lede is. Gedurende die afgelope jaar het 44 lede hul stewels opgehang.

Die Stapklub bied stapgeleenthede vir elke behoefte: Op Donderdae doen die fikse stappers die meer uitdagende stappe en op Dinsdae is daar korter stappe. Op Donderdae doen die groep bekend as die Happy Ramblers rustige stappe om die natuur te geniet.



Die stapklub se program is by die Toerisme-kantoor en biblioteek beskikbaar.

## 4.2 Staproetes

### Fairy Glen / Kasteelkop / Spooknek / Highlands / Perdeberg / Dot's Dash / Klipspringer

Bogenoemde roetes is gedurende die jaar herstel met spesifieke fokus op die afvoer van stormwater. Hierdie proses is gelukkig voor die storm in September afgehandel en daar was geen noemenswaardige skade aan die paadjies nie. Dieselfde is ongelukkig nie waar van die onderste gedeelte van die Klipspringer / Feetjiebosroete nie. Weens die ernstige graad van erosie op hierdie gedeelte is OM versoek om daaraan aandag te gee. Die September-storm het hulle egter voorgespring en diep dongas het op die paadjie oopgespoel. OM hou die ander gedeelte van die Fairy Glen / Feetjiebosroete baie goed in stand en hulle het ook 'n stewige brug oor die keerwal gebou wat die roete meer toeganklik en veilig maak.

Die Highlands-gedeelte van die Perdebergroete het feitlik weggespoel in die storm, maar daar was bykans geen skade aan die gedeeltes bo-op Perdeberg waar KNBV onderhoud gedoen het nie. Die waarde van gereelde onderhoud (veral aan waterafvoerslote) is hier weereens bewys.

Onderhoud op die ander roetes word soos en wanneer benodig uitgevoer deur lede van die KNBV in samewerking met die munisipaliteit.

Ten spyte van deurlopende rapportering gaan die stroping van fynbos bokant Fairy Glen ongehinderd voort. Daar is reeds 'n beduidende afname in plante soos die skaars *Erica Pillansii*. Die publiek word aangemoedig om die Kogelberg C.A.R.E. toepassing te benut om voorvalle van stroping en kriminele aktiwiteite in die omgewing aan te meld.

## 4.3 Palmietplankiespad – sementblokprojek



Hierdie projek is in Maart 2023 geloods en word goed deur die publiek ondersteun wat finansieel bydra en heelwat teëltjies aankoop. Daar is reeds 200 blokke gelê (ongeveer 80 m van die 500 m wat met sementblokke vervang sal word).

Benewens die lê van die sementblokke moet plankies op die res van die roete byna daagliks vervang word. Die proses sal voortduur totdat die hele roete herbou is. Die plan is om betonblokke op die droër gedeeltes te lê en houtbruggies oor nat gedeeltes te bou. Ons herwin ook bruikbare pale en planke vir die herstel, herbou en vervanging van bruggies.

# 4.4 Voëlkyk-aktiwiteite

## 4.4.1 Gekoördineerde watervoëltellings by die Bot- en Kleinmond-riviermondings

Die kwartaallikse CWAC-tellings (Co-ordinated Waterbird Counts) het deur die loop van die jaar voortgegaan. Hierdie tellings vind reeds meer as 30 jaar plaas.

Data wat burgerlike wetenskaplikes so versamel, is uiters waardevol vir die *Animal Demography Unit* (ADU) en *BirdLife SA*. Die data is ook beskikbaar vir natuurbewaarders wanneer hulle bestuursbesluite oor ons riviermondings neem.

Die Botriviermonding het op 1 Junie 2023 oopgebreek en die getystroom wat so ontstaan het, het goeie voedingsgebiede vir waadvoëls gebied. In Augustus is 6 204 watervoëls en 51 spesies getel.

Die vernietigende storms van September het ’n groot sand-eiland reg voor die Arabella Hotel laat ontstaan. Min waadvoëls het die gebied sedertdien besoek aangesien hulle voedingsgebiede verwoes is. Sommige areas is onder sand begrawe en ander is nou rotsbanke. Groot dele van die kuslyn is toe onder grond, plantreste, takke en boomstompe. Dit sal wel mettertyd ontbind en nuwe voedingsgebiede sal vorm.

## 4.4.2 Voëls getel van Februarie 2023 tot Februarie 2024

| | **Botrivier strandmeer** | | **Kleinmond strandmeer** | | **Palmietrivier** | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Spesies** | **Telling** | **Spesies** | **Telling** | **Spesies** | **Telling** |
| 02-2023 | 58 | 4782 | 15 | 84 | 12 | 68 |
| 04-2023 | 42 | 2300 | 18 | 93 | 10 | 339 |
| 08-2023 | 51 | 6204 | 14 | 177 | 7 | 112 |
| 11-2023 | 51 | 2557 | 14 | 154 | 13 | 71 |
| 02-2024 | 48 | 3593 | 22 | 88 | 12 | 137 |

## 4.4.3 Houers vir vislyn

Birdlife Overberg het houers (110 mm plastiese pyp) vir gebruikte vislyn geskenk en aan WWF-beamptes oorhandig. Hulle het dit op geskikte plekke geplaas, monitor dit gereeld en maak dit skoon.

## 4.4.4 Voëlkyk in die omgewing

’n Gewone sterretjie (*Sterna hirundo*), ringnr AT272556, is vroeër vanjaar by die Palmiet riviermonding deur Nanine Behrens gewaar. Die voël is as kuiken op 5 Julie 2022 in Finland deur Tatu Hokkanen van Helsinki gering. Daarna het die voël 10,365 km afgelê om Suid-Afrika te besoek – die voël se eerste migrasie hierheen.



Ander voëls wat buite hul normale gebied kom besoek aflê het, was ’n groenrugreier (*Butorides striata*), gevind in Bettysbaai deur Imar Krige; ’n groot heuningwyser (*Indicator indicator*), gesien deur Johan van der Westhuizen by Rooisand; en rooibekkweleas (*Quelea quelea*) by die Swartrivierpad en in Bettysbaai. Die mees opwindende vonds was sekerlik die kleinkoningriethaan (*Porphyrio alleni*) wat op 4 Februarie 2024 sy opwagting by die Arabella Country Estate gemaak het. (Foto: Carin Malan)

## 4.4.5 Inligtingsborde by die Rooisand Voëlskuiling




Nuut ontwerpte inligtingsborde is onlangs by die Rooisand voëlskuiling installeer. Die projek is bestuur deur Carin Malan en moontlik gemaak deur donasies deur die Rowland en Leta Hill Trust, lede van KNBV en BirdLife Overberg.

## 4.4.6 Bevordering van voëlkyk in ons omgewing

Die baie aktiewe Whatsapp Voëlkykgroep het tans 289 deelnemers.

Vyf artikels oor voëls het deur die loop van 2023 in die plaaslike koerant, die *Overstrand Herald*, verskyn. Daar was ook ’n artikel oor voëlkykroetes in ’n vakansieuitgawe van die *Herald*. Twee praatjies is aangebied, een oor voëlkyk in Zimbabwe en een oor voëlfotografie vir die Kiekieklub.

## 4.4.7 Uilhuise

Kleinmond Laerskool het laat weet dat drie uile waargeneem is waar hulle die uilhuis by die skool inspekteer. Die uilhuis is geskenk deur Build It.

# 5. Bewaring van ons habitat

## 5.1 Fynbos-uitstallings



Uitstallings van plaaslike blomme het begin kort nadat KNBV in 1975 gestig is. Daar is tans uitstallings in die biblioteek, die toerisme-kantoor en die plaaslike gholfklub.

Vyf ervare en kundige blomplukkers het gedurende 2023 afgetree. Hulle is Braam van der Merwe, Lorraine Benecke, Leon Louw, Chris Bester en Maaike Murphy.

Mariaan Guest is verantwoordelik vir die uitstallings by die biblioteek en die toerisme-kantoor, terwyl Thea Brink, Miemie Strydom, Yvonne van Dyk, Constantia Cilliers, Christa van Schalkwyk en Peter Coxall beurte maak om by die gholfklub uit te stal. Ongeveer 230 verskillende spesies is deur die jaar uitgestal.

Mariaan Guest is verantwoordelik daarvoor om die nodige permitte om die blomme te pluk van CapeNature te verkry.

Thea Brink beplan om later vanjaar ’n kursus oor die identifisering van plaaslike blomplante aan te bied.

## 5.2 Mimetespark

Mimetespark by die dorp se oostelike ingang is besig om pragtig te ontwikkel. Die dryfkrag agter die projek is Magdaleen Brits en haar span hardwerkende vrywilligers en vrygewige donateurs.

KNBV borg ’n tuinwerker om Magdaleen te help, terwyl Vicky Kotze en haar span van BBB Gardens gekontrakteer is om veral die swaar werk te doen.



KNBV is ook dankbaar vir die ondersteuning van OM. Na ’n besoek deur die dorpsbestuurder en haar personeel is die besproeiingstelsel byvoorbeeld herstel. Chris Harding het ook hiermee gehelp.

Mense kan in die oostelike deel van die park rustig op een van die bankies sit en kyk hoe die kleinkinders op die grasperk speel of die uitsig en ons mooi endemiese blomplante geniet. Nuwe plante is geskenk of aangekoop en die beddings word deur die Vriende van Mimetespark-vrywilligers versorg.

Die westelike deel van die park was oorgroei van indringerplante, maar hulle is nou meestal uitgekap en paadjies is uitgelê vir rustige wandelings tussen inheemse plante.

’n Derde deel van die park is vleiland wat in die winter deels onder water is. Die span beplan om dit terug te bring na sy oorspronklike staat en die endemiese plante wat daar groei, aan te moedig om te vermeerder. Hulle beplan ook ’n paadjie wat die park met die hoofstrand en strandmeer sal verbind.

Kleinmond se vleilande en die plante wat daar groei is besig om ontstellend vinnig te verdwyn en ons hoop dat Mimetespark ’n bydrae sal lewer tot die bewaring van hierdie bedreigde en belangrike deel van ons natuurlike omgewing.

# 6. Bestryding van indringers en rommelverwydering

## 6.1 Kapgroep

Die impak van die werk van die kapgroep op ons omgewing word duidelik wanneer ’n mens sien hoe groot areas by Rooisand en Arabella heeltemal deur indringerplante oorgeneem is.




| | | |
|---|---|---|
| 1. Wesoewer-suid | 8. Plato | 15. Jean se Kop |
| 2. Wesoewer-noord | 9. Kasteelpoort | 16. Middelrivier |
| 3. Oosoewer-noord | 10.Kontoer-wes | 17. Hanneshoek |
| 4. Oosoewer-suid | 11. Waterwerke | 18. Golfbaan |
| 5. Plankiespad | 12. Sandvlakte | 19. Mimetespark en R44-oos |
| 6. Voor-Kasteelkop | 13. Berghang 2&3de kloof | 20. Hoofstrand |
| 7. Fairy Glen | 14. Berghang 1ste kloof | 21. Kuspaadjie |

Die kapgroep werk normaalweg op die derde Dinsdag van elke maand vir drie ure. ’n Hele paar van die vrywilligers doen tussen-in bykomende *ad hoc*-kappe op hulle eie. Hierdie groep van 15 tot 20 mans en vroue het in 2023 nie minder nie as 56 670 indringerplante uitgetrek of afgesaag en met plantdoder behandel.



Van die indringers wat verwyder is, was 29 602 Australiese mirte (*Leptospermum laevigatum*), 14 142 Port Jacksons (*Acacia saligna*), 3 989 langblaarwattels (*Acacia longifolia*), 3 417 swartwattels (*Acacia mearnsii*), 3 160 perdebosse (*Erigeron sumatrensis*), 764 hakeas (meestal *Hakea sericea*), 492 bloekombome en 408 dennebome (*Pinus pinaster*). Die res is versprei tussen 12 ander indringerspesies.

In die eerste vier maande van 2024 het daar reeds byna 15 000 indringers onder die hande van die kapgroep geval.

As Kleinmonders deel ons in die voorreg om in die Kogelberg Biosfeer te woon. Dit is ons verantwoordelikheid om hierdie skat van fynbosdiversiteit in ons omgewing te bewaar. Indringers is een van die grootste bedreigings vir ons fynbos en voortdurende

waaksaamheid en optrede is nodig om hulle verspreiding te beheer.

Die ongemaklike realiteit is dat baie van hierdie gevaarlike indringers in tuine in die dorp floreer en hulle saad versprei na die natuurlike omgewing rondom die dorp.

Australiese mirt word dikwels as heinings geplant. Dennebome, bloekombome en swartwattel word in erwe toegelaat omdat hulle skaduwee verskaf. Toegegee, baie van hierdie spesies is voorheen geplant juis omdat hulle gehard is, vinnig groei en langs die kus aard. Maar ons weet nou dat dit juis die geharde spesies is wat ook baie vinnig die veld oorneem. Ons moet bewus bly van hierdie bedreiging en proaktief optree om hulle te beheer en bes moontlik uit te roei.

# 6.2 Kogelberg Biosfeer se werkspan



’n Span wat deur die Kogelberg Biosfeer gekontrakteer is en deur WWF befonds is, het berge indringerplante uitgeroei sedert hulle begin Desember onder die toesig van lede van die kapgroep in die natuurreservaat rondom Kleinmond met indringerbeheer kom help het.

In Desember 2023 het hulle 404 ha aan die wes-oewer van die Palmiet strandmeer en 19 ha aan die oos-oewer van indringerplante bevry. In Januarie 2024 het hulle eers indringers op 11,5 ha bokant Proteadorp afgesaag en met plantdoder behandel en daarna groot stanings indringers (meestal Port Jackson) rondom die gholfbaan (8,39 ha) getakel. Hulle het ook indringers gesaag en behandel op 4,2 ha aan weerskante van die R44 by Heuningkloof.

Van 29 Januarie tot 2 Februarie het die span groot werk rondom die Palmiet Karavaanpark gedoen in die stroke tussen die park en die strand en tussen die park en die strandmeer (5,21 ha). Die werk is afgesluit met ’n herbesoek aan die oos-oewer van die Palmiet strandmeer.

Altesaam 452,32 ha is in die proses skoongemaak van indringers. Opvolgwerk sal nou deur die kapgroep gedoen word.

Die indringerspesies wat die meeste deur hierdie span gekap is, is langblaarwattel, Port Jackson, Australiese mirt, rooikrans, hakea en dennebome. Die span gaan later vanjaar weer na Kleinmond terugkeer om in die kusreservaat te werk, sou die befondsing daarvoor gereël kan word.

# 6.3 Skoonmaakgeleenthede

Die publiek se deelname aan die Eko-bediening se skoonmaakgeleenthede het die afgelope jaar gegroei. Kleinmond Laerskool, Kleinmond Primêr en veral die Strandlopers het ook soms deelgeneem. In 2023 is tien en in die eerste helfte van 2024 drie skoonmaakgeleenthede gereël. Bykans 400 volwassenes en meer as 225 kinders was hierby betrokke.

Die statistiek van die 13 skoonmaakgeleenthede is:

| | Rommel | Afval herwin |
|---|---|---|
| **Sakke** | 202 | 179 |
| **Gewig** | 1 156 kg | 1 095 kg |

Groot dank aan almal wat betrokke was om te keer dat hierdie rommel in die see beland.



Die Eko-bediening versamel ook plastiese proppies en doppies. Die afgelope jaar is tussen 150 kg en 200 kg proppies en doppies aan ’n organisasie geskenk wat dit verkoop om rolstoele aan te koop. ’n Sak vol knippies waarmee broodsakkies toegeknip word (ongeveer 15 kg), is ook die afgelope jaar versamel.

# 7. Netwerke

## 7.1 BREF (Bot River Estuary Forum)



BREF is ’n liggaam wat advies- en oorsigfunksies met betrekking tot die bestuur van die Botrivier-estuarium het. Twee komiteelede verteenwoordig KNBV daar.

KNBV se fokus was veral daarop gerig om erkenning vir die rol wat die Kleinmond-strandmeer in die sisteem speel, te verkry. Vertoë vir watergesondheidmetings in die Kleinmond-strandmeer (watervlak en -temperatuur, soutgehalte en suurstofvlakke) is herhaal toe dit gedurende die jaar onderbreek is. Die metings is in Januarie en Februarie 2024 hervat.

Op versoek van die KNBV is ’n proses begin om die Kleinmondgedeelte van die Bot-Kleinmond-estuarium as Ramsar-vleiland te verklaar (’n vleilandgebied van internasionale belang onder die Ramsar-konvensie, ’n omgewingsooreenkoms van UNESCO). Skrywes hieroor is deur CapeNature aan privaatgrondeienaars gestuur. Hierdie eienaars het reeds aangedui dat hulle samesprekings met CapeNature wil voer.

## 7.2 Overstrand munisipaliteit: Wykskomitee vir wyk 9

Natuurverwante sake wat op die wykskomitee bespreek is, sluit in:

*Onwettige behuisingstrukture:* Nadat oorsigverslae oor die onwettige behuisingstrukture in Mountain View en Overhills ontvang en bespreek is, het die burgemeester ’n *ad-hoc* vergadering gelei waar sake soos die doeltreffendheid van die “land invasion unit”, die munisipaliteit se behuisingdepartement en prosedures vir die aanmeld en hantering van onwettige bouery bespreek is. Die KNBV bly besorg oor die groeiende getal strukture en moontlike grondverskuiwings teen die steil hellings in die area.

*Herwinning in Proteadorp en Overhills:* Die inwoners van Proteadorp en Overhills neem nie aktief deel aan Kleinmond se herwinningsprojek nie. ’n Besluit om ’n “Swop shop” tot stand te bring, sloer omdat ’n geskikte terrein nog gesoek word.

*Indringerbeheer op privaat erwe:* Die KNBV het voorstelle gemaak om die OM se “Plot clearing policy” te hersien sodat indringerplante op onbeboude erwe beter beheer kan word. Ongelukkig is die nuwe beleid nog nie gefinaliseer nie. Daar is met OM se Omgewingsbestuur ooreengekom op ’n tussentydse *modus operandi* om eienaars sover te kry om self die indringerbome op hul erwe te verwyder.

*Rommelvangnette:* Vier van die ses nette wat KNBV in 2021 installeer het, is steeds in gebruik. Groot hoeveelhede rommel (veral plastiek) word veral gedurende die reënseisoen daaruit verwyder. Die struktuur van die kousnet in Kusweg is verbeter om die rommel beter te vang en sodat dit makliker skoongemaak kan word. OM het twee nuwe nette in die stormwaterkanale bokant Hoofweg aangebring.

*Indringerbeheer deur OM*: Indringerbeheer is gedoen deur ’n kontrakteur wat deur OM aangestel en befonds is. Opvolgwerk is in ’n lank verwaarloosde gebied oos van Middelrivierstraat en Klein Berlyn en in die gebied aangrensend aan die Kleinmond gholfbaan (Hanneshoek-omgewing) gedoen. ’n Area van 23 ha is hiermee gedek.

Die KNBV het kommentaar en voorstelle aan OM gestuur rakende hul beplande indringerbeheer op munisipale- en natuurreservaatareas vir die 2023/24 finansiële jaar. Dié voorstelle is in hul beplanning opgeneem, maar weens vertragings met die tenderproses is die werk eers vroeg in Februarie 2024 begin. Die werk in 23 ha oos en suid van die gholfbaan is in Maart voltooi.

## 7.3 Kogelberg Biosfeer

Die Kogelberg Biosfeer word deur Corli Hugo as gekoöpteerde lid in die KNBV-komitee verteenwoordig. Dit het gelei tot goeie kommunikasie en wedersydse praktiese ondersteuning. KNBV het byvoorbeeld die koste gedra van die nuwe septiese tenk by die Biosfeer se rehabilitasiesentrum vir wilde diere. Die Biosfeer het weer ’n opgeleide kapspan beskikbaar gestel om onder toesig van die plaaslike kapgroep in die Kleinmond-omgewing te werk (sien par 6.2).

## 7.4 Eko-bediening

Die Eko-bediening, ’n projek van die NG en VG kerke, onderneem verskeie eko-projekte. Gekoöpteerde lid Jan Momsen dien in die KNBV-komitee as hul verteenwoordiger.

*Skoonmaakaksies:* Sien par 6.3 hierbo.

*Jeug:* Die Strandlopers het die afgelope jaar gereeld die skoonmaakgeleenthede ondersteun. Daar is egter besef dat meer gedoen moet word om omgewingsbewaring by die jeug tuis te bring. In April 2023 is ’n werkswinkel gehou en besluit om ’n Eko-jeugkomitee te stig. Hierdie komitee het met die leiers van die Strandlopers vergader om nouer samewerking te bespreek. Die volgende aktiwiteite is gesamentlik gereël om die belangrikheid van omgewingsbewustheid en -bewaring by die volgende geslag te kweek:

- ’n Besoek aan die biblioteek met voorlesings en biblioteek-opleiding.
- ’n Blomme-skattejag en ’n stokbroodbraai.
- ’n Algemene kursus oor hondeveiligheid vir die kinders.
- ’n Agt weke lange kursus vir 10 kinders en hul honde.
- ’n Besoek aan die Fruitways appelplaas, vir baie van die kinders ’n eerste.

# 8. Media en finansies

## 8.1 Fynbos nuusbrief

The volkleur tweetalige Fynbos nuusbrief verskyn drie of vier keer per jaar en word per e-pos aan lede gestuur. Die redaksionele komitee het ten doel om ’n balans te skep tussen plaaslike nuus oor natuurbewaring en nuus oor sake van algemene bewaringsbelang.


Fynbos
Kleinmond
Natuurbewaringsvereniging
Nature Conservation Society
No/Nr 177 April 2024
Reg no / nr 005-622 NPO
kleinmondnbv@gmail.com

Foto: Sarie van Rooyen

Twee olifantrobbe in ons kontrei

**Onrus en Kleinmond was in Maart skoon op hol toe twee suidelike olifantrobbe hier opdaag. Buffel (foto hierbo), Onrus se rob, was vir meer as ’n maand op die strand.**

Hy is dag en nag opgepas. Kleinmond s’n is ongelukkig gepla en was skaars ’n dag lank hier.

Die suidelike olifantrob *Mirounga leonina* is die grootste van al die lewende robbe. Die enorme bulle het ’n kort prominente proboskis of "neus" wat net onder die oog uitsteek en oor die bek hang. Die orgaan kan opgeblaas word. In die paarseisoen stel dit hulle in staat om luidkeels te brul om te wys wie is baas.

Hierdie rob bly gewoonlik in die koue antarktiese water, en hulle is vir ongeveer 90% van die tyd binne-in die water.

Hulle verskyn wel nou en dan langs die Suid-Afrikaanse kus, soms om te verhaar en soms om ’n bietjie te rus. Wanneer hulle verhaar, verloor hulle hul hare en die boonste vellae, en ook 25% van hulle gewig. In daardie tyd gaan hulle nie see toe nie en bly sonder kos. Hulle het ongeveer ’n maand nodig om volledig te verhaar.

Die robbe soek meestal ysvrye strande op eilande in die ysige Antarktika-streek op (onder andere Marion-eiland) om te paar en te teel.

Volwasse bulle kom eerste aan om hulle gebiede af te baken. Die dragtige koeie kom ’n week later aan en die welpies wat die vorige jaar verwek is, word binne nog ’n


1

Na deeglike konsultasie met KNBV-lede is besluit om die gedrukte weergawe te staak en die nuusbrief slegs in pdf-formaat per e-pos beskikbaar te stel. Die nuusbrief kan nou ook op sosiale media soos facebook (Kleinmond Fynbos en Kleinmond Community) verskyn waar dit afgelaai kan word en aan ’n veel groter lesersgetal beskikbaar kan wees.

Carl Swart het ’n databasis van die inhoud van al die 177 vorige uitgawes van die nuusbrief opgestel. Die inhoud kan nou maklik nagevors en gelees word. Die nuusbriewe sowel as individuele artikels is elektronies beskikbaar vir alle belangstellendes.

## 8.2 Kleinmond Fynbos op facebook

Die Kleinmond Fynbos facebook-blad is in Junie 2020 begin. Daar word sedertdien elke dag ’n foto en kort beskrywing van ’n plaaslik inheemse spesie wat in die betrokke maand in die Kleinmond-omgewing blom, geplaas.




Daar is ’n sterk deelname van groepslede. In die 60 dae vanaf 20 Februarie 2024 was daar 211

plasings wat altesaam 20 883 keer bekyk is. Die gewildste plasing ooit was dié van die olifantrob wat op Onrus se strand kom besoek aflê het; 4 662 persone het daarna gekyk. Die groep het 2 193 lede, die meeste van hulle uit Suid-Afrika. Daar is ook lede in die VK, die VSA, Namibië, Oekraïne, Australië, Kanada, Nigerië, Nieu-Seeland en Indië.

## 8.3 Kleinmondfynbos webwerf

Daar is in 2022 begin met die bou van ’n webwerf wat op plantspesies in die Kleinmond-omgewing fokus. Die ontwerp is deur LoveGreen gedoen. Foto’s en inligting van die *Proteaceae*-familie is reeds opgelaai, en ons hoop om die foto’s en inligting van die *Ericaceae*-familie en *Iridaceae*-familie spoedig op te laai. Werk aan die *Orchidaceae*-familie vorder fluks. Dit is ’n groot werk en aangesien dit deur vrywilligers gedoen word, kan dit ongelukkig nie so vinnig as wat ons sou wou, klaargemaak word nie.




## 8.4 Groot Suidelike Bioblitz

’n Groot veer in die hoed vir Kleinmonders was November 2023 se deelname aan iNatruralist.org se “Great Southern Bioblitz”. 224 streke in die suidelike halfrond het deelgeneem, en Overstrand het heel bo geëindig met die meeste waarnemings (15 062).

Die eerste 4 top-streke was almal in Suid-Afrika.

Overstrand het na Kaapstad en Coffs Harbour die derde meeste verskillende spesies (1 956) waargeneem.

Vier van die vyf topwaarnemers in die Overstrand is Kleinmonders, almal baie betrokke by KNBV se aktiwiteite.

Is dit nou nie rede om fees te vier en ons Biosfeer te geniet en mooi op te pas nie?

GREAT SOUTHERN BIOBLITZ
Powered by iNaturalist

## 8.5 Finansiële verslag

Die finansiële posisie van die vereniging is steeds stabiel, grootliks te danke aan verantwoordelike bestuurspraktyke deur die komitee. Die 2023/24 finansiële jaar het geëindig met ’n balans wat R78 394 meer was as dié van die vorige jaar.

KNBV is dankbaar vir donasies van R24 908 van die Frank Robb Trust, R72 000 van die Roland en Leta Hill Trust en verskeie kleiner donasies vir die sementblokpaadjie by Palmiet-strand wat saam R43 470 beloop het. Die beduidende toename in rente ontvang (R75 066) is veroorsaak deur hoër rentekoerse en ’n hoër beleggingswaarde gedurende die finansiële jaar.

Wat uitgawes betref, was daar ook ’n toename van R85 555 in 2022/23 tot R143 669 in 2023/2024. Die komitee het R29 791 aan die Mimetes Park-projek bestee en R65 179 vir die instandhouding van stappaadjies. Daar is ook R27 500 aan die Kogelberg Biosfeer se rehabilitasiesentrum vir wilde diere geskenk.

# 9. Bedankings

Ek wil graag die volgende persone en instansies bedank:

- Die lede van die KNBV komitee. ’n Spesiale woord aan Leon Louw (dien 10 jaar) en Gerhard Booysen (dien 7 jaar) wat die afgelope jaar uitgetree het vir hulle reusebydraes.
- Die bestuur en lede van die stapklub wat na die paadjies omsien.
- Die Palmietplankers vir hulle groot werk aan die Plankiespad se instandhouding en opgradering.
- Die lede van die KNBV-kapgroep en die Biosfeerspan vir die groot getal indringerspesies wat gekap is.
- Die Vriende van Mimetespark vir die restourasie en opgradering van hierdie juweel.
- Die vrywilligers wat vir die blomuitstallings sorg.
- Die vrywilligers wat betrokke is by talle aktiwiteite rondom die bewaring van voëlspesies in ons omgewing.
- Die vrywilligers wat vir die nuusbriewe, Kleinmond Fynbos facebook-blad en webwerf-ontwikkeling sorg.
- Die verteenwoordigers van die Kogelberg Biosfeer vir hartlike samewerking.
- Die Eko-bediening en die Strandlopers wat hard werk om die omgewings skoon te hou asook vir hulle verskillende jeugaktiwiteite.
- Baie dankie aan ons raadslid en OM vir hulle ondersteuning, samewerking en hulp met talle projekte.
- Die vele – te veel om op te noem – ander vrywilligers wat meegewerk het in die bewaring van ons natuurlike omgewing.
- Laastens ’n groot dankie aan ons donateurs: die Frank Robb Trust en Rowland & Leta Hill Trust, sowel as verskeie individue.

Ook wens KNBV Carin Malan geluk met die toonaangewende *Owl Award* wat sy van Birdlife SA ontvang het vir haar bydrae tot voëlkyk en voëlfotografie in die Overberg.

## Carl Swart
## Voorsitter

23 Mei 2024